**AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS**

**SONDAG 11 JUNIE 2023**

# TWEEDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

## GEMEENTE DAGBOEK

### GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***Almal wat geraak word deur die nuwe vlaag van geweld in ons land – plaasmoorde, bendegeweld en ander moorde.***

### LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Eksodus 19:2-8a; Psalm 116:1-2, 12-19;**
**Romeine 5:1-8; Matteus 9:35–10:8, (9-23)**

| **SONDAG, 11 JUNIE** |
|---|
| BIDDAG VIR DIE JEUG EN KATEGESE<br><br>09:00 Oggenddiens – Jeugdiens – Ds Chris Barnardo<br>Deuroffer ten bate van: Jeugwerk<br>Erediensspan 1 – Lorraine Louw<br>09:00 Kleuter- en Kinderkerk<br>• **Gemeentetee** na afloop van die oggenddiens<br><br>18:00 **Senior kategese** – Kwartaal afsluiting |
| **MAANDAG, 12 JUNIE** |
| 18:00 Kooroefening<br>19:00 Sportmanne Bybelstudie<br>19:00 Vroue Bybelstudie |
| **DINSDAG, 13 JUNIE** |
| 09:30 Senior Burger Bybelstudie |
| **WOENSDAG, 14 JUNIE** |
| 09:30 Vroue Bybelstudie<br>09:30 Othello Bybelstudie<br>19:00 Kerkraadsvergadering in konsistorie |

**DONDERDAG, 15 JUNIE**

09:30 Kuilsrivier Dienssentrum: Jan de Bruin

Sopbeurte: Jorina Botha, Riana Fick, Corra Kitshoff, Miemmie Myburgh, Ina van Niekerk, Ronel Williams

**VRYDAG, 16 JUNIE**

JEUGDAG

**SATERDAG, 17 JUNIE**

**SONDAG, 18 JUNIE**

Derde Sondag in Koninkrykstyd
VADERSDAG
NASIONALE BIDDAG VIR BLINDES

09:00 Oggenddiens
Deuroffer ten bate van: Instituut vir Blindes
Erediensspan 2 – Elsa Welman
GEEN Kleuter- en Kinderkerk

GEEN Senior kategese
GEEN Gemeentetee

# GEMEENTENUUS




1. Miemie Loubser (Klaradyn) het die afgelope week 'n operasie ondergaan. Alles het goed afgeloop en sy sterk aan.
2. Ons vra voorbidding vir Imke Steyn (Oorbietjiestraat) met die herstel van haar been.
3. Ons het die volgende lidmaatskap ontvang:
   Wilna van der Merwe vanaf Worcester-Noord
4. Mike Hagen (Bloubokkiestraat) se suster en haar man van Piketberg is in 'n plaasaanval vermoor.
5. Sybil Smit (Koopmanskloof, Bottelary) is steeds in die intensiewe sorg van die hospitaal.
6. Cornelia Myburgh (Groenvlei, Bottelary) is tans in die hospitaal en ondergaan mediese toetse.

# VAN ALLES EN NOG WAT

1. Die volgende kerkraadsvergadering vind plaas op Woensdag 14 Junie 2023 om 19:00.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

11/06 Carien Bester, Maléne Swift
12/06 Adinda Vermaak, Emily Clark, Doreen Swart(94), Donna Tolken, Shane Scott
13/06 Flip Tolken, Conrad Groenewald, Izak Maartens, Adriaan Kaltwasser, Willie Rabie, Neré Scholtz
14/06 Anna van Wyk, Anita Jonas, Gawie Greeff, Jacques Huysamer, Jan Rossouw
15/06 Hester Bosch, Retha Smit, Gerhard Moggee
16/06 Dewald Coetzee, Philip de Kock, Kuyper Albertyn, Lienke Nieuwoudt, Wihan Smith
17/06 **Ds. Hannes Burger,** Liza Müller, Alta van Zyl, Karel van Schalkwyk, Emma Vlok, Rentia van Wyk, Lohan Bester




# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

**Jeugwerk**

Jeug- en Familiebediening fokus op die ondersteuning, toerusting en navorsing van jeugwerk wat deur gemeentes gedoen word. Dit sluit onder andere die volgende in: kategese ondersteuning, familiebediening hulpmiddels, #imagine feesnaweek, navorsing oor jong volwasse bediening en kinderbediening ondersteuning. Jeug en Familiebediening het ook twee gratis toeps ontwikkel: “onsglo” en “dinkjeug families” wat geloofsgesprekke onderskeidelik in groepe en in gesinne wil ondersteun.

Me Maryke Fourie | 021 808 9050
jeug@sun.ac.za www.dinkjeug.co.za | www.kixkinders.co.za
DinkJeug op YouTube | www.onsglo.co.za

# BASAAR – 3 JUNIE 2023

Die basaar se totale inkomste beloop R261 205.36 teenoor verlede jaar se R249 121.74.

Weereens baie dankie aan ieder en elk wat bygedra het tot die sukses van die basaar.

# BESOEK AAN NUWERUS

Ons gemeente besoek Nuwerus gemeente die naweek van 1 tot 3 September 2023.

Indien jy belangstel om hierdie besoek aan Nuwerus mee te maak kan jy gerus met een van die volgende persone in verbinding tree.
Daar is 'n beperkte aantal plekke beskikbaar by die huisvesting. Laat weet dus asseblief voor 15 Junie 2023.

Sias Koen 0833185993
Sanet Koen 0824474088
Franci Gresse 0824474088

# HUIS DE KUILEN

Daar is 'n groot behoefte in die Versorgings- en Alzheimerafdelings aan groot doeke (nie pull-ups nie); sanitere doekies; "linen savers" en treklakens.
Indien daar vrae is, is julle welkom om Huis de Kuilen, direk te skakel by 021 903 7055.
Baie dankie vir julle volhoue ondersteuning, deernis en voorbidding vir die inwoners en personeel van die tehuis - dit word opreg waardeer.

Baie dankie
Vriendelike Groete
R COETZER
Bestuurder

# DIE KOSMANDJIE

**DIE KOSMANDJIE** - projek van die Getuienisaksie

Liewe Lidmaat

Sulke bibberweer maak 'n honger en as jou koskas leeg is .......
Kom, gee iets vir hierdie projek, en getuig van De Eike se hart-wat-omgee!

**Aangepaste** lysie van tekorte:

| | | |
|---|---|---|
| melk | gewone tee | mieliemeel |
| soja | tamatiepasta | soppoeier |

blikkies: groente, tuna, vrugte, vleis

Dankie dat jy help!
Groetnis

# KLERE EN VERE

**Baie dankie** vir almal se wonderlike ondersteuning van ons debuut op die basaar en vir die entoesiastiese samewerking van *allie Vere!*

Dankbaar
2 Vere

# PREEKSKETS

**TEMA – JEUGDIENS : KYK JOU REUS IN DIE OË! MOENIE OOR JOU REUS MOEDELOOS WORD NIE**



Prediker: Ds Chris Barnardo

Skriflesing: 1 Samuel 17:31-46

**1. Inleiding.** Wat kan ons uit hierdie boeiende eeue oue verhaal leer? Hoe beïnvloed dit ons lewens vandag en wat is die tydlose lesse wat ons uit hierdie wonderlike verhaal kan leer? Daar is een belangrike waarheid wat ons vanoggend van kennis moet neem: Een of ander tyd sal elkeen van ons 'n reus moet trotseer! En daardie reus kan in verskillende vorms voor jou kom staan. Hoe het Dawid die situasie benader? Wat kan ons by Dawid leer?

**2. Wees jouself.** Wanneer jy 'n reus moet trotseer, wanneer jy 'n slegte dag moet trotseer, wees jouself! In vers 39 lees ons dat Dawid nie Saul se wapenrusting kon dra nie. Weet jy hoekom nie? Want hy was nie Saul nie! Hy was Dawid! Saul se wapenrusting sou nie vir hom werk nie. Dit het nie gepas nie. Toe hy dit aantrek, het dit ongemaklik gevoel en hy het belaglik daarin gelyk. Dawid moes homself wees! Hy moes dit op sy manier doen! En dit is vanoggend ons eerste les wat ons leer. Wees eg. Wees outentiek. Wees opreg. Wees jouself.

**3. Tweedens. Kry jou krag by God.** Wanneer jy 'n reus moet trotseer is daar net een bron vanwaar jy jou krag kan kry. Luister gou na die volgende verse. 45Maar Dawid sê vir die Filistyn: “Jý kom na my toe met ’n dolk en ’n spies en ’n swaard, maar ék kom na jou toe in die Naam van die Here die Almagtige, die God van die linies van Israel, wat jy verkleineer het. 46Vandag sal die Here jou in my mag oorgee sodat ek jou kan verslaan. Dawid het sy vasberadenheid, sy krag en sy vertroue geput uit die absolute sekerheid dat God in sy lewe teenwoordig was. Wanneer jy 'n reus in die gesig moet staar... eerstens... Wees jouself..., tweedens... Kry jou krag van God af. By God is daar nie beurtkrag nie.

**4. Derdens....Vertrou op God om jou deur te sien.** Sy naam is Wessel, my goeie vriend en oud Lugmag-kollega. Wessel baklei tans teen die grootste, die mees vreesaanjaende reus wat hy nog ooit gekonfronteer het. Sy Goliat is longkanker. "Hoe gaan dit?", het ek die afgelope Maandag vir hom gevra toe ek en Carina saam met hom en sy vrou ontbyt gaan eet het. "Dit is moeilik," het hy gesê, "regtig moeilik, ... maar ek is hoopvol, ek is optimisties ... Ek weet nie presies hoe dit alles sal uitdraai nie, maar een ding wat ek weet is dat God deur Jesus en die Heilige Gees by my is … en Hy sal my deursien!”

**5. Slot.** Soos Dawid … wanneer ons 'n slegte dag moet trotseer …moet ons die volgende onthou:

- Ons kan onsself wees,
- Ons kan krag by God put,
- En ons kan God vertrou om ons deur te sien.